MEDICAL PROCEEDINGS

MEDIESE BYDRAES

A South African Journal for the Advancement of Medical Science

'n Suid-Afrikaanse Tydskrif vir die Bevordering van die Geneeskunde

P.O. Box 1010 · Johannesburg Posbus 1010 · Johannesburg

Vol. 4 22 March 1958 Maart 22 No. 6

EDITORIAL · REDAKSIONEEL

PLASMA VERSUS DEXTRAN

The need for a plasma substitute which could be produced in large quantities arose from the knowledge gained during World War I of the treatment of oligaemic shock by blood transfusion. At that time, the methods of preserving blood were still undeveloped and an attempt was made to supplement supplies of whole blood with fluids such as solutions of gum acacia and of gelatin. World War II gave further impetus to the search for an effective plasma substitute because of the fear that supplies of blood and plasma might prove to be insufficient for the treatment of the large numbers of casualties expected—a fear which proved to be largely unfounded thanks to the highly developed organization for obtaining blood and plasma. The phenomenal results achieved in the treatment of shock and haemorrhage by transfusion of blood and plasma stimulated interest further in the development of safe and effective transfusion fluids which for financial, climatic and other reasons could not be met by the provision of human blood. The ever-increasing destructive capacity of modern instruments of warfare has served to re-awaken the fear that, in any future conflict, the needs and the difficulties of organizing and maintaining adequate supplies of blood and plasma may be even greater than they were in World War II.

The development of macro-molecular solutions (e.g. polyvinylpyrrolidone and dextran) represents progress towards an effective substitute in those conditions for which blood and plasma would normally be used.

It is greatly to the credit of the manufacturers of these plasma substitutes that they have never claimed that their products are

PLASMA VERSUS DEKSTRAN

Die behoefte aan 'n plasma-plaasvervanger wat in groot hoeveelhede geproduseer kan word, het ontstaan uit die kennis in verband met die behandeling van oligemiese skok met behulp van bloedoortappings wat tydens Wêreldoorlog I opgedoen is. In daardie jare was bloedbewaringsmetodes nog onontwikkel, en 'n poging is aangewend om die voorraad heelbloed aan te vul met vloeistowwe soos oplossings van akasiagom en van gelatien. Wêreldoorlog II het verdere stukrag aan die soektog na 'n doeltreffende plasma-vervanger gegee, want daar het vrees bestaan dat die voorrade bloed en plasma miskien nie voldoende sou wees vir die behandeling van die groot aantal ongevalle wat verwag is nie. Hierdie vrees het geblyk in 'n groot mate ongegrond te wees, danksy die hoogs ontwikkelde organisasie vir die verkryging van bloed en plasma. Die fenomenale resultate wat behaal is by die behandeling van skok en bloeding met behulp van bloed- en plasma-oortappings het verdere belangstelling aangewakker in die ontwikkeling van veilige en doeltreffende oortappingsvloeistowwe vir daardie gevalle waar menslike bloed om finansiële, klimaats- en ander redes nie beskikbaar gestel kon word nie. Die steeds toenemende vernietigingsvermoë van moderne krygstuig het weer eens die vrees laat ontstaan dat, in enige toekomstige oorlog, die behoefte en die moeilikhede verbonde aan die organisasie en instandhouding van doeltreffende hoeveelhede bloed en plasma, miskien groter sal wees as wat hulle in Wêreldoorlog II was.

Die ontwikkeling van makromolekulêre oplossings (bv. polivinielpirrolidoon en dekstran) was vooruitgang in die rigting van 'n doelmatige plaasvervanger vir toestande waar bloed

equivalent to human plasma either chemically or physiologically.

In our Correspondence columns in this issue Dr. S. G. Rainsford criticizes our Editorial of 23 November 1957. He has clearly set out to prove that dextran is not only equivalent to plasma but, in some respects, even superior to it. In doing this he has gone very much further than any living authority on the subject and it therefore becomes necessary to evaluate his claims and his criticisms.

In the first place, it must be emphasized that our Editorial was intended to underline the important announcement that blood plasma is now being made freely available to practitioners throughout the Union by the South African Blood Transfusion Service. Nothing was contained in that Editorial which decried the use of plasma substitutes in emergency situations such as war or even in civilian practice when human blood and plasma might be unavailable or available in insufficient supply. The point was however made that not one of the so-called plasma substitutes so far offered could be regarded as adequate and in support of our contention the eminent authority of the authors of *Dextran, Its Properties and Use in Medicine* was quoted. A further quotation from the same work (at p. 7) should serve to clarify the legitimate role of 'plasma savers' in practice.

'Dextran solutions and other plasma substitutes probably have their greatest part to play (1) in normal transfusion practice while waiting for compatibility tests, and *when plasma is not available* (italics inserted), (2) in places where adequate transfusion services do not exist for climatic, geographical or financial reasons and (3) in national emergencies.'

We also stated that the plasma now made available in South Africa is prepared on a unit-for-unit basis from the 'surplus of unused blood', i.e. from blood in excess of immediate requirements, not from 'time-expired blood'. The dating period for whole blood in acid-citrate-dextrose solution is generally regarded as 3 weeks; in many places this is even extended to 4 weeks. To ensure that blood is used as freshly as possible, the dating period in the South African Blood Transfusion Service has been reduced to 2 weeks. The plasma which the Service prepares from its excess blood is therefore never more than 14 days old and usually less. From this it follows that the electrolyte, protein and other constituents of the plasma are well within the acceptable limits for transfusion and the vacuum packing of the lyophilized product ensures stability for many years. The bloods selected for plasma are mostly group A and B, low in titre of iso-agglutinins and haemolysin-free. The anti-

en plasma normaalweg gebruik sou word.

Dit strek tot eer van die fabrikante van hierdie plasma-plaasvervangers dat hulle nooit aanspraak daarop gemaak het dat hul produkte uit 'n chemiese of fisiologiese oogpunt die gelyke van menslike plasma was nie.

In ons korrespondensiekolomme in hierdie uitgawe oefen dr. S. Rainsford kritiek op ons inleidingsartikel van 23 November 1957 uit. Dit is duidelik dat hy hom ten doel stel om te bewys dat dekstran nie alleen net so goed soos plasma is nie, maar in sommige opsigte selfs beter. Waar hy dit probeer doen, gaan hy heelwat verder as enige lewende gesaghebbende op hierdie besondere gebied, en dit is derhalwe nodig om sy aansprake en sy kritiek te evalueer.

In die eerste plaas moet daar beklemtoon word dat ons Inleidingsartikel bedoel was om die belangrike aankondiging dat bloedplasma nou vryelik deur die Suid-Afrikaanse Bloedoortappingsdiens tot beskikking van praktisyns dwarsdeur die Unie gestel word, te onderstreep. Niks wat in daardie Inleidingsartikel voorgekom het, kan as afkammende kritiek beskou word op die gebruik van plasma-plaasvervangers in noodtoestande soos oorlog, of selfs in die private burgelike praktyk waar menslike bloed en plasma miskien nie beskikbaar is of nie in voldoende hoeveelhede verkry kan word nie. Die punt is egter benadruk dat geeneen van die sogenaamde plasma-plaasvervangers wat tot dusver verkrygbaar is, as doeltreffend beskou kon word nie, en, om ons bewering te staaf, is die gewigtige mening van die skrywers van *Dextran, Its Properties and Use in Medicine* aangehaal. 'n Verdere aanhaling uit dieselfde werk (op bl. 7) behoort die wettige rol van ‚plasma-bespaarders' in die mediese praktyk te verduidelik.

‚Dekstranoplossings en ander plasma-plaasvervangers speel waarskynlik hul grootste rol (1) in die normale oortappingspraktyk onderwyl daar op verenigbaarheidstoetse gewag word, en *wanneer plasma nie beskikbaar is nie* (ons kursivering), (2) op plekke waar daar om klimaats-, aardrykskundige of finansiële redes geen doeltreffende oortappingsdienste bestaan nie, en (3) in landswye noodgevalle.'

Ons het ook verklaar dat die plasma wat tans in Suid-Afrika beskikbaar gestel word, op 'n eenheid-vir-eenheid grondslag voorberei word van die ‚surplus van ongebruikte bloed' d.w.s. van bloed wat die onmiddellike behoeftes oorskry, en nie van ‚tyd-verstreke bloed' nie. Die bruikbaarheidstydperk van heelbloed in 'n suursitraat-dekstrose-oplossing word gewoonlik op drie weke vasgestel; op baie plekke word dit selfs tot 4 weke verleng. Om te verseker dat bloed so vars as moontlik gebruik word, is die bruikbaarsheidstydperk by die Suid-Afrikaanse Bloedoortappingsdiens tot 2 weke verminder.

coagulant employed per 500 c.c. of whole blood is 75 c.c. of a 2.14% solution of sodium citrate, 0.8% citric acid and 2.23% glucose. On reconstitution of the lyophilized plasma with distilled water, the pH is 7.4. Dr. Rainsford's statement that 'it is heavily diluted with acid citrate dextrose, usually to the extent of 100 c.c. to every 150 c.c. of plasma', is therefore inapplicable in the case of the plasma to which our Editorial referred, as is also his statement that 'it is a highly acid solution whose buffering capacity is not all that good'.

The most important haemostatic factor contained in plasma is fibrinogen and this factor is remarkably stable. In fact, all commercially produced fibrinogen presently available in South Africa is prepared from *outdated pooled plasma.* Dr. Rainsford's statement that 'because of the excess of citrate in such plasma, it can and does sometimes exert precisely the reverse effect' is at variance with clinical experience. Indeed, the transfusion of whole blood with or without plasma is standard treatment in all haemorrhagic states, as he himself admits. Significantly, he has omitted to state that dextran itself has a known heparin-like effect and 'has been shown to cause a defect in the haemostatic mechanism in normal individuals' (*Dextran,* by Squire *et al.,* at p. 53).

Furthermore, Langdell *et al.* recently concluded, in a paper published on 25 January 1958 and entitled *Dextran and Prolonged Bleeding Time*: *

'The infusion of 1,000 ml. of commercially available dextran solution into normal adult humans resulted in a hemostatic defect characterized by a prolonged bleeding time. In 8% of the subjects the bleeding time after dextran exceeded 30 minutes. The maximum incidence did not occur immediately after the infusion but three to nine hours later. . . . The mode of action is not clear, but the phenomenon appears to be due to interference with platelet activity. Dextran infusion would appear to be contraindicated in patients with a known bleeding tendency or to whom large transfusions of whole blood have been given. The use of large infusions of dextran alone also carries a risk of serious failure of the hemostatic mechanism.'

The diminution of the risk of transmission of virus hepatitis by the preparation of plasma on a unit-for-unit basis is a matter of simple arithmetic. By definition, the risk of transmission per unit of plasma cannot be higher than from the whole blood from which each unit of plasma is derived. As with whole blood, this risk of infection—such as it is—is multiplied according to the number of units of plasma employed. In pooled plasma, on the other hand, the risk per unit is the same as

* Langdell *et al.* (1958): J. Amer. Med. Assoc., **166,** 346.

Die plasma wat die Diens van sy oortollige bloed voorberei, is derhalwe nooit ouer as veertien dae nie. In die reël is dit gewoonlik minder. Hieruit volg dat die elektrolitiese, proteïen- en ander bestanddele van die plasma altyd goed binne die aanneemlike grense vir oortapping is, en die lugdigte verpakking van die geliofiliseerde produk verseker stabiliteit oor 'n tydperk van baie jare. Die bloedsoorte wat vir plasma uitgesoek word, behoort meestal aan Groep A en B, laag in titer van iso-agglutiniene en hemolisien-vry. Die stollingsbestrydingsmiddel wat per 500 k.s. heelbloed gebruik word, is 75 k.s. van 'n 2.14% oplossing van natriumsitraat, 0.8% sitroensuur en 2.3% glukose. By hersamestelling van die geliofiliseerde plasma met gedistilleerde water is die pH 7.4. Dr. Rainsford se verklaring dat ‚dit erg verdun word met suur-sitraat-dekstrose, gewoonlik tot die omvang van 100 k.s. vir iedere 150 k.s. plasma,' is derhalwe nie van toepassing op die plasma waarna in ons Inleidingsartikel verwys word nie. Dit geld ook vir sy verklaring dat ‚dit 'n baie suur oplossing is, die buffervermoë waarvan veel te wense oorlaat.'

Die belangrikste hemostatiese faktor wat in plasma voorkom, is fibrinogeen, en die faktor is merkwaardig stabiel. Inderdaad, al die kommersieel geproduseerde fibrinogeen wat tans in Suid-Afrika verkrygbaar is, is voorberei van *verouderde saamgevoegde plasma.* Dr. Rainsford se verklaring dat ‚weens die oormaat van sitraat in sodanige plasma dit presies die teenoorgestelde effek kan uitoefen. en dit inderdaad ook soms doen,' is in stryd met kliniese ondervinding. Trouens, die oortapping van heelbloed met of sonder plasma is standaard-behandeling in alle hemorragiese gevalle, soos hy self erken. Dit is betekenisvol dat hy nalaat om te sê dat dekstran self 'n bekende heparienagtige effek het, en ‚dat daar reeds aangetoon is dat dit die oorsaak was van 'n defek in die hemostatiese meganisme van die normale individu.' (*Dextran* deur Squire, *et al.,* op bl. 53).

Temeer, in 'n referaat wat op 25 Januarie 1958 gepubliseer en *Dextran and Prolonged Bleeding Time* getiteld is, het Langdell *et al.* tot die volgende slotsom geraak: *

‚Die infusie van 1,000 ml. van kommersieel beskikbare dekstran in normale, volgroeide mense het 'n hemostatiese effek, gekenmerk deur 'n langdurige bloedingstyd, tot gevolg gehad. By 8% van die pasiënte het die bloedingstyd ná behandeling met dekstran 30 minute oorskry. Die maksimum-voorkomssyfer is waargeneem nie onmiddellik na die infusie nie, maar wel drie tot nege uur later. . . . Die werkingsmetode is nie heeltemal duidelik nie, maar dit wil voorkom asof die verskynsel te wyte is aan 'n versteuring van die plaatjie-aktiwiteit. Dit skyn asof daar kontraindikasies vir dekstran-infusie is by pasiënte met 'n bekende neiging tot bloeding of wat reeds oortappings met groot hoeveelhede heelbloed ontvang het. Die gebruik van groot infusies van dekstran alleen bring ook die gevaar van 'n ernstige versaking van die hemostatiese meganisme mee.'

Die vermindering van die gevaar van die oordrag van virus-lewerontsteking deur die voorbereiding van plasma op 'n eenheid-vir-eenheid-grondslag is 'n saak

* Langdell *et al.* (1958): J. Amer. Med. Assoc., **166,** 346.

that from the pool from which it is derived. It needs only one infected plasma to contaminate the entire pool. Our Editorial did not claim that the risk of transmission of hepatitis had been completely eliminated. We stated that this risk was negligible. No case of hepatitis due to the infusion of single-unit plasma has, in fact, so far been reported in South Africa.

Admittedly, the preparation of plasma on a unit-for-unit basis with individual bacteriological controls is expensive, but that is hardly a scientific argument against its use. In this connexion, the cost of plasma in South Africa is at present £3 per unit to the private patient and £2 15s. to hospitals—a price which compares very favourably indeed with the price of plasma produced anywhere in the world. The method of processing (using sterile, pyrogen-free disposable equipment throughout) eliminates the necessity for bacterial filtration or pyrogen testing. Such febrile and allergic reactions as do occur are at least as uncommon as with dextran which, as is well known, may itself cause antigenic reactions.†

We are in agreement with Dr. Rainsford's contention that dextran should be stockpiled for the possible contingency of thermo-nuclear warfare; but so also should plasma, for which there will be an even greater need.

The clear implication of Dr. Rainsford's argument is that the use of dextran in preference to plasma should be encouraged in civilian practice 'so as to ensure that the medical and nursing professions will be fully conversant with its clinical applications'. This is an odd argument indeed. If dextran is, in fact, as innocuous as Dr. Rainsford believes, peacetime practice in its use is surely unnecessary, particularly since dextran can be administered with the same facility as a saline solution, whereas reconstitution of lyophilized plasma with the diluent does require some familiarity with the technique.

The duty of the doctor is to do the best for his patient under all conditions and it seems to us obvious that if plasma is indicated and available it should be used in preference to so-called plasma substitutes. In a paper on *Shock* in the series *Emergencies in General Practice*, Sir Heneage Ogilvie* very aptly referred to the role of 'plasma savers' as follows:

'What is their place in the treatment of shock? The answer is in the seventh chapter of St. Matthew's Gospel: "What man is there of you, whom if his son ask bread, will give him a stone?"'

* Ogilvie, H. (1955): Brit. Med. J., **1**, 159.
† Kabat, E. A. and Berg, D. (1953): *Dextran-Antigen in Man*, J. Immunol., **70**, 514.

van eenvoudige rekenkunde. Logies kan die oordraggevaar per eenheid plasma nie hoër wees as die gevaar verbonde aan die heelbloed waarvan iedere eenheid plasma voorberei word nie. Net socs in die geval van heelbloed word hierdie infeksie-gevaar—in die mate waarin dit wel bestaan—vermenigvuldig ooreenkomstig die aantal eenhede plasma wat gebruik word. In die geval van saamgevoegde plasma, daarenteen, is die gevaar per eenheid dieselfde as die gevaar opgelewer deur die samevoeging waarvan dit voorberei word, en slegs een besmette plasma is nodig om die hele samevoeging te besmet. In ons Inleidingsartikel het ons nie aanspraak daarop gemaak dat die gevaar van die oordrag van lewerontsteking heeltemal uitgeskakel is nie. Ons het gesê dat hierdie gevaar onbenullig is. Geen geval van lewerontsteking volgende op die oortapping van 'n enkele-eenheid plasma is inderdaad tot dusver in Suid-Afrika gerapporteer nie.

Ons erken dat die voorbereiding van plasma op 'n eenheid-vir-eenheid-grondslag met individuele bakteriologiese kontroles 'n duur onderneming is, maar dit vorm nie juis 'n wetenskaplike argument teen die gebruik daarvan nie. In hierdie verband kan ons miskien sê dat die prys van plasma in Suid-Afrika op die oomblik £3 per eenheid vir die private pasiënt en £2 15s. vir hospitale is. Dit vergelyk baie gunstig met die prys van plasma elders in die wêreld. Die bewerkingsmetode en die gebruik deurgaans van steriele, pirogeenvrye toerusting wat daarna vernietig word, maak bakteriese filtrasie of pirogeentoetse heeltemal onnodig. Die koorsige en allergiese reaksies wat wel voorkom, is ten minste net so seldsaam as wanneer daar gebruik gemaak word van dekstran wat, soos goed bekend is, self antigeniese reaksies tot gevolg kan hê.†

Ons stem saam met dr. Rainsford se bewering dat voorrade dekstran opgebou moet word vir moontlike noodgevalle as 'n termo-nukleêre oorlog uitbreek. Maar dit geld ook vir plasma waaraan daar 'n selfs groter behoefte sal ontstaan.

Die duidelike implikasies van dr. Rainsford se argument is dat die gebruik van dekstran liewer as plasma aangemoedig behoort te word in die burgerlike praktyk ‚om te verseker dat die mediese en verpleegprofessies volkome op hoogte van die kliniese toepassings daarvan sal wees.' Dit is 'n sonderlinge argument. Indien dekstran inderdaad so onskadelik is soos dr. Rainsford skynbaar glo, is die vredestydse beoefening van die gebruik daarvan tog seker onnodig, veral met die oog op die feit dat dekstran net so maklik soos 'n soutoplossing toegedien kan word. Daareenteen vereis die hersamestelling van geliofiliseerde plasma met die oplosmiddel 'n sekere mate van kennis van die tegniek.

Dit is die plig van die dokter om in alle omstandighede die beste vir sy pasiënt te doen, en vir ons skyn dit vanselfsprekend te wees dat as plasma aangedui word en beskikbaar is, dit gebruik moet word liewer as die sogenaamde plasma-plaasvervangers. In 'n referaat oor *Skok* in die reeks *Emergencies in General Practice*, verwys sir Heneage Ogilvie* op 'n treffende manier na die rol van ‚plasma-bespaarders'. Hy sê:

‚Watter rol speel hulle in die behandeling van skok? Die antwoord word gevind in die sewende hoofstuk van die Evangelie volgens Matteus: „Of watter mens is daar onder julle wat, as sy seun hom brood vra, vir hom 'n klip sal gee?"'

* Ogilvie, H. (1955): Brit. Med. J., **1**, 159.
† Kabat, E. A. en Berg, D. (1953): *Dextran-Antigen in Man*, J. Immunol., **70**, 514.

REVIEWS OF BOOKS

ENDOCRINOLOGY OF BREAST CANCER

Endocrine Aspects of Breast Cancer. Edited by Alastair R. Currie, B.Sc., M.B., F.R.C.P.Ed. 1958. (Pp. 330 + Index. With Figs. 37s. 6d.). Edinburgh and London: E. & S. Livingstone Ltd.

In July 1957 a Conference, under the auspices of the University of Glasgow, was held in the Western Infirmary and the Royal Infirmary. The participants included outstanding names in the field of breast cancer.

Eminent endocrinologists also contributed to the discussions.

The *Proceedings* of the Conference have now been published under the editorship of Dr. Alastair R. Currie.

This is a most important monograph, which touches on the day-to-day activities, not only of specialists, but also of general practitioners.

The modern management of breast cancer overrides treatment confined to local surgery. Paradoxically, endocrines may be used both by techniques of subtraction and addition. An important discussion ranged over the respective merits of removal of the ovaries and the adrenals as against extirpation of the pituitary, whether the latter was done surgically or by implantation with radio-active isotopes. Atkins (of Guy's Hospital, London) concluded that in hypophysectomy 'we have a therapeutic measure which is almost certainly as good as, and may be better than, adrenalectomy with oophorectomy' (p. 73).

South African readers will be particularly interested in the technique of pituitary destruction by irradiation, because of the important contribution made in this country recently by Weinbren, Jackson and Gamsu, whose paper entitled *Implantation of Radon Seeds into the Pituitary Fossa in the Treatment of Secondary Deposits from Cancer of the Breast* appeared in this Journal last year (Vol. 3, No. 11, at p. 249).

The probably pre-eminent role of the pituitary hormone prolactin was high-lighted during the more purely endocrine sessions of the meeting and attention was drawn to the preference that should possibly be given to pituitary ablation. Attention was also drawn to the fact that theorectically pituitary ablation would seem preferable 'by reason of its double effect, both directly through mammotrophin and somatotrophin and indirectly through adrenal and ovarian suppression. But cortisone withdrawal studies show that, even after complete hypophysectomy, the adrenals may exhibit some small activity and therefore presumably may secrete oestrogens; moreover, clinical observations indicate that hypophysectomy is not usually complete. Thus neither adrenalectomy nor hypophysectomy alone can meet all the indications. Atkins' studies indicate that the clinical results of the two types of procedure do not differ very greatly. Perhaps, as Boyland suggests, we should be more willing to undertake both. Although Loraine's gonadotrophic findings offer support for the view that there are differences in hormonal status between patients with responsive tumours and resistant ones, our discussions confirmed the general impression that we still lack criteria on which to base our selection of cases for treatment, for the responsive tumour appears to have no characteristic histological picture and no feature in the clinical picture is significant. Cade's figures suggest that deterioration following androgen or oestrogen administration, or improvement after prednisone, may give some indication of hormone dependence, and Jessiman's results on calcium excretion after oestrogens may also be helpful, but it still remains true that the result of operation can only be decided by trial.'

No practitioner, actively concerned with the problems of diagnonsis, treatment and after-care of breast cancer, should neglect to study closely this readable and authoritative review of one of the most urgent problems in medical practice.

INSECTICIDES

Expert Committee on Insecticides, Seventh Report. World Health Organization. Technical Reports Series, 1957, No. 125; Pp. 31. 1s. 9d. Pretoria: Van Schaik's Bookstore (Pty.) Ltd., P.O. Box 724.

The diseases transmitted by arthropods, particularly the insect-borne diseases, constitute one of the most important problems with which national health administrations are confronted. The initial results obtained with modern insecticides gave rise to the hope that most of these diseases could be successfully controlled, even completely eradicated, within a short period. However, the resistance to chlorinated hydrocarbon insecticides which has appeared in various vector species, has changed this outlook. Resistance, which has developed much more rapidly than the measures available to combat it, is now the main obstacle in the fight against arthropod-borne diseases; so the Expert Committee on Insecticides devoted its 7th session more particularly to a study of the problem of resistance and to the international measures called for.

The *Report* stresses that resistance is now universal in the house fly, that it is frequently found in the louse and that it has been reported in various species of mosquito (*Anopheles, Aëdes aegypti, Culex*) as well as in at least 27 other insect species. A WHO inquiry to determine what research is under way on the resistance problem has shown the inadequacy of the work in this field. The *Report* indicates the broad outline of an international coordinated research programme on resistance, which should include, in particular, the collection and diffusion of information, the promotion of research, the increase of personnel and financial means devoted to this work, the adoption of standard test methods, the testing of new insecticides, the establishment of satisfactory liaison between research workers and laboratories, and the convening of meetings and conferences.

The *Report* adopts, with certain amendments, the definition of resistance formulated during the *Symposium on the Control of Insect Vectors of Disease* (Rome, 1953) and recommends means to detect and measure resistance. It discusses the various applications of a standard test method, which would make it possible to obtain data on the appearance of resistant insect strains. It also mentions certain problems connected with the biological aspects of resistance, which should be studied without delay.

A second part of the *Report* on the disinsectization of aircraft contains revised specifications for aerosols and aerosol dispensers accompanied by a description of suitable test methods, as well as new recommendations for quarantine disinsectization.

FIRST SOUTH AFRICAN MEDICO-LEGAL CONGRESS

The South African Medico-Legal Society has arranged for this Congress to be held in Johannesburg, from Thursday night 31 July to Saturday mid-day, 2 August 1958. The exact venue of the meeting will be announced later.

The following topics are provisionally scheduled for discussion:

1. *Artificial Insemination.*
2. *A Symposium on Acute Alcoholism.*
3. *Problems of Blood Transfusion.*
4. *A Symposium on Sudden Death in Infancy.*
5. *Problems of Consent to Medical Procedures.*
6. *Two Recent American Films* (in sound) entitled *The Medical Witness* and *The Doctor Defendant* will be screened, followed by a discussion on the films, and an *Open Forum* on any topic discussed at the Congress.

These films have been sponsored by the Wm. S. Merrell Company of Cincinnati, in co-operation with the American Medical Association and the American Bar Association. The Wm. S. Merrell Company has kindly made the films available for this Congress.

7. *Medico-Legal Exhibits and a Visit to the South African Blood Transfusion Centre.*

The Congress registration fee for members of the South African Medico-Legal Society is 10s. 0d. The registration fee for non-members is £1 10s. 0d. (The normal subscription for membership of the South African Medico-Legal Society is £2 2s. 0d. This includes a free subscription to the *Journal of Forensic Medicine.*)

Colleagues who wish to register for attendance at this Congress must advise the Honorary Organizing Secretary not later than 30 June 1958. This will enable adequate accommodation arrangements to be made for the meetings and ensure sufficient time for the printing of a Congress prospectus which, it is hoped, will include the names and addresses of all participants in the Congress.

All communications must be directed to:

Honorary Organizing Secretary (Dr. H. A. Shapiro), First South African Medico-Legal Congress, P.O. Box 1010, Johannesburg.

EERSTE SUID-AFRIKAANSE MEDIES-GEREGTELIKE KONGRES

Die Suid-Afrikaanse Medies-Geregtelike Vereniging het gereël dat hierdie Kongres vanaf Donderdagaand, 31 Julie, tot 12-uur middag op Saterdag, 2 Augustus 1958, gehou sal word. Die plek van byeenkoms sal later aangekondig word.

Daar is voorlopig bepaal dat die volgende onderwerpe bespreek sal word:

1. *Kunsmatige Inseminasie.*
2. *'n Simposium oor Akute Alkoholisme.*
3. *Probleme Opgelewer deur Bloedoortapping.*
4. *'n Simposium oor Skielike Sterfgevalle tydens die Suigelingsjare.*
5. *Probleme Opgelewer deur die Toestemming wat vir Mediese Prosedures Nodig is.*
6. *Twee Onlangse Amerikaanse Klankrolprente* getiteld *The Medical Witness* en *The Doctor Defendant* sal vertoon word, gevolg deur 'n bespreking van die rolprente, en 'n *Oop Forum* oor enige onderwerp wat tydens die Kongress te berde gebring is.

Die Wm. S. Merrell Company, van Cincinnati, in medewerking met die Amerikaanse Geneeskundige Vereniging en die Amerikaanse Regsvereniging, was verantwoordelik vir die produksie van hierdie rolprente, en die Wm. S. Merrell Company het hulle goedgunstiglik tot beskikking van die Kongres gestel.

7. *Medies-Geregtelike Uitstallings en 'n Besoek aan die Suid-Afrikaanse Bloedoortappingsdiens.*

Die Kongres-registrasiegeld vir lede van die Suid-Afrikaanse Medies-Geregtelike Vereniging is 10s. 0d. Die registrasiegeld vir nie-lede is £1 10s. 0d. (Die normale ledegelde van die Suid-Afrikaanse Medies-Geregtelike Vereniging is £2 2s. 0d. Dit sluit in *gratis* intekengeld op die *Journal of Forensic Medicine.*)

Kollegas wat hierdie Kongres wil bywoon en hulle wil laat registreer, moet die organiserende Ere-sekretaris voor 30 Junie 1958 in kennis stel. Dit sal dit moontlik maak om doeltreffende akkommodasiereëlings vir die vergaderings te tref, en voldoende tyd laat vir die druk van 'n Kongresprospektus wat, na gehoop word, die name en adresse van alle deelnemers aan die Kongres sal insluit.

Alle briewe moet gerig word aan:

Die Organiserende Ere-Sekretaris (Dr. H. A. Shapiro), Eerste Suid-Afrikaanse Medies-Geregtelike Kongres, Posbus 1010, Johannesburg.

TUBELESS DETECTION OF GASTRIC ACIDITY

Knowledge of the degree of gastric acidity has provided substantial aid in the diagnosis of duodenal ulcer, gastric cancer and pernicious anaemia.

'The claim that gastric cancer occurs three times more frequently in achlorhydrics than in persons secreting hydrochloric acid, and ten times more frequently in achylic individuals over 40 years of age, has stressed the value of screening individuals for further diagnostic procedures aimed at the early detection of gastric cancer. In the presence of a gastric ulcer niche or of anaemia, the knowledge of the status of gastric acidity may provide a basis for further therapeutic and diagnostic procedures. The estimation of gastric acidity in a subtotal gastrectomized patient may be a contributing factor in the diagnosis of a marginal ulcer. In the absence of demonstrable organic disease the lack of free gastric acid may be a useful guide in prescribing substitution therapy.

'In the past, the failure to ascertain by intubation the state of gastric acidity in a specific case or in a mass screening project could have been justified by pleading inconvenience or impracticability. The advent of tubeless gastric analysis makes these reasons for omission no longer acceptable'.[1]

Segal, Miller and Morton introduced the first practical technique for estimating gastric acidity by a tubeless method of gastric analysis. The tubeless technique has since been further simplified by the development of a new dye compound containing Azure A as the indicator dye. This makes it possible to determine the presence or absence of free hydrochloric acid in the stomach by merely appraising, naked-eye, a blue colour change in the urine

RATIONALE OF THE TEST

The Azure A dye is released from its complex in the presence of free hydrochloric acid, is absorbed in the small gut and is then excreted in the urine, where it can be detected by a colour change. In the absence of free hydrochloric acid in the stomach, the dye compound passes intact into the small bowel and very

1. Segal, H. L., Miller, L. L. and Morton, J. J. (1957): *Monographs on Therapy: Diagnex Blue in the Determination of Gastric Acidity*, **2**, 147.

BUISLOSE OPSPORING VAN MAAGSURIGHEID

Kennis van die mate van maagsurigheid help aansienlik met die diagnose van duodenale swere, maagkanker en kwaadwillige bloedarmoede.

'Die bewering dat maagkanker drie keer meer dikwels by achloorhidrie-lyers voorkom as by persone wat soutsuur afskei, en tien keer meer dikwels by achylia-lyers bo die ouderdom van veertig jaar, beklemtoon die waarde van die ondersoek van individue vir verdere diagnostiese prosedures wat op die vroeë ontdekking van maagkanker toegespits is. In die aanwesigheid van 'n maagsweer-nis of van bloedarmoede kan 'n kennis van die status van maagsurigheid 'n grondslag vir verdere terapeutiese en diagnostiese prosedures verskaf. Die vasstelling van maagsurigheid in 'n subtotale gastrektomiepasiënt kan 'n bydraende faktor wees in die diagnose van 'n marginale sweer. In die afwesigheid van bewysbare organiese siekte kan die gebrek aan vrye maagsuur 'n nuttige gids by die voorskrywing van substitusie-terapie wees.

Die versuim in die verlede om die toestand van maagsurigheid deur middel van intubasie vas te stel by 'n spesifieke geval of in 'n grootskeepse ondersoekskema kon miskien geregverdig geword het deur te wys op die ongerief of die praktiese onuitvoerbaarheid van intubasie. Met die koms van buislose maagontleding is hierdie redes egter nie langer aanneemlik nie'.[1]

Segal, Miller en Morton was die eerste wat 'n praktiese tegniek vir die vasstelling van maagsurigheid deur 'n buislose metode van maagontleding beskikbaar gestel het. Die buislose tegniek is sedertdien verder vereenvoudig deur die ontwikkeling van 'n nuwe verfstofsamestelling wat Asuur A as die indikatorverfstof bevat. Dit maak dit moontlik om die aan- of afwesigheid van vrye soutsuur in die maag vas te stel deur bloot 'n blou kleurverandering in die urine met die blote oog te betrag.

DIE RASIONELE BASIS VAN DIE TOETS

Die Asuur A-verfstof word uit sy samestelling vrygestel in die aanwesigheid van vrye soutsuur. Dit word dan in die dunderm geabsorbeer en saam met die urine afgeskei waar dit deur 'n kleurverandering aangedui word. In die afwesigheid van vrye soutsuur in die maag gaan die verfstofsamestelling ongeskonde na die dunderm, en baie min van die Asuur A word dan binne die eersvolgende 2 uur saam met die urine afgeskei.

1. Segal, H. L., Miller, L. L. en Morton, J. J. (1957): *Monographs on Therapy: Diagnex Blue in the Determination of Gastric Acidity*, **2**, 147.

little of the Azure A is then excreted in the urine within the next 2 hours.

The chain of events necessary for the proper execution of this test must not be interfered with, e.g.:

'Vomiting will prevent proper ion exchange in the stomach and pyloric obstruction will decrease the availability of the dye for absorption in the small intestinal tract. Severe malabsorption, marked cardiac failure or dysfunction of the liver or kidneys or urinary retention likewise will distort the accuracy of the test by interfering with the normal urinary excretion range of the Azure A dye'.[1]

No unpleasant side effects or toxic reactions occurred in any of more than 1,500 persons tested with the Azure A complex.

The consensus of clinical opinion indicates that, when properly used, the Azure A complex provides a reliable, simple and tubeless way of detecting achlorhydria by the simple appraisal of a colour change in the urine. It appears to be a reliable clinical method of differentiating between the presence or absence of free hydrochloric acid. The results of the tubeless test may be more accurate than those obtained by intubation in determining the presence or absence of free gastric acid because the mere act of introducing the tube inhibits gastric secretion in some patients.

THE SIMPLICITY OF THE PROCEDURE

Many of the problems of intubation are eliminated and the test may obviously be applied to large groups of persons with a minimum of technical failure. Silon *et al.*[2] comment that it is probably the most practical method yet devised for determining gastric acidity by a tubeless method.

It is clearly of particular value in a gastric cancer detection campaign for screening achlorhydric and hypochlorhydric subjects among whom the incidence of cancer of the stomach is higher than would be expected in a similar age group in the general population.[3] Likely candidates selected by the tubeless technique can then be subjected to more detailed studies, repeated at intervals, if necessary, to detect early asymptomatic gastric cancer.

2. Silon, N., Olson, K. B. and Gillie, E. (1957): *Monographs on Therapy: Dignex Blue in the Determination of Gastric Acidity*, **2**, 166.
3. Fentress, V. and Sandweiss, D. J. (1957): *Monographs on Therapy: Diagnex Blue in the Determination of Gastric Acidity*, **2**, 168.

Die reeks voorvalle wat nodig is vir die behoorlike uitvoering van hierdie toets moet nie versteur word nie, bv.:

‚Braking sal behoorlike ioon-wisseling in die maag voorkom, en maaguitgangobstruksie verminder die beskikbaarheid van die verfstof vir absorpsie in die dundermkanaal. Ernstige wanabsorpsie, opvallende hartversaking of disfunksie van die lewer of die niere, of urinebehoud sal ook die akkuraatheid van die toets versteur deur die normale urine-afskeidingsbestek van die Asuur A-verfstof in die wiele te ry'.[2]

Geen onaangename newe-effekte of toksiese reaksies is waargeneem by die meer as 1,500 persone wat met die Asuur A-kompleks behandel is nie.

Allerweë word daar in kliniese kringe gemeen dat as die Asuur A-kompleks behoorlik gebruik word, dit 'n betroubare, eenvoudige en buislose manier is om achloorhidrie vas te stel deur die eenvoudige betragting van 'n kleurverandering in die urine. Dit skyn asof dit 'n betroubare kliniese metode is om te onderskei tussen die aanwesigheid of afwesigheid van vrye soutsuur. Die resultate van die buislose toets kan inderdaad betroubaarder wees as dié wat met intubasie verkry word wanneer die aanwesigheid of afwesigheid van vrye maagsuur vasgestel moet word, want die blote introduksie van 'n buis strem maagafskeidings by sommige pasiënte.

DIE EENVOUDIGHEID VAN DIE PROSEDURE

Baie van die probleme van intubasie word uitgeskakel, en dis duidelik dat die toets op groot groepe persone toegepas kan word met minimale tegniese vergissings. Silon *et al.*[2] meen dat dit die mees praktiese metode is wat tot dusver ontwerp is vir die vasstelling van maagsurigheid volgens die buislose metode.

